SASTRI KOLLEGE
MAART KONTROLE TOETS - 2020
KWARTAAL 1
AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL
GRAAD 8

EKSAMINATRISE: MEJ K. PILLAY
MODERATISE: MEV A.B.B. MULLAH

TYD: 1 UUR
PUNTE: 50

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. **Beantwoord AL die vrae.**
2. **Skryf die NAAM VAN JOU AFRIKAANS ONDERWYSER/ES bo-aan jou antwoordstel.**
3. **Hierdie vraestel bestaan uit 6 bladsye.**
4. **AFDELING A – LEESBEGRIP (20 PUNTE)**

   AFDELING B – TAAL (30 PUNTE)

STERKTE! ☺

AFDELING A: LEESBEGRIP

VRAAG 1 - TYDSKRIFARTIKEL

Lees die volgende tydskrifartikel goed deur en beantwoord dan die vrae.

Dis lekker by die see!

1. Dit is die 7de Desember 2012, die laaste dag van skool! Al die leerders wag altyd vir die dag om aan te breek en ek dink die onderwysers ook.

2. My bynaam is Kat, maar my regte naam is Karel Pietersen. Almal noem my Kat, dit is korter as Karel en ook omdat ek so rats is. Ek is in Troon Hoërskool op die klein dorpie Colesberg. Ek is 14 jaar oud en in graad 8. Rugby is my lewe.

3. Uiteindelik is die verskriklike jaar verby. Dit is nooit maklik om die jongste groep in die skool te wees nie. Wel, ons het dit oorleef en is definitief sterker as die begin van die jaar.

4. Die vakansie gaan ons see toe. Ek is so opgewonde en wag al lank. Die pad is altyd lank en vuurwarm, maar dit is altyd die moeite werd. Eers ruik jy die sout en dan sien jy die diep blou see, wit strand en die klomp vakansiegangers.

5. Die uitpak is vinnig. Ek dra my tas tot in die huis en leef uit die tas uit. Daar is nie tyd vir stres nie. Daar moet ons rus, speel en tyd saam met die familie geniet.

6. Die dae spandeer ons op die strand. Ons speel rugby, sokker en krieket. Ma pak altyd kos sodat ons nie honger word nie en in die aande gaan eet ons by die eetplekkies langs die strand of ons braai. Pa braai altyd en ma maak slaai. Ek gaan haal die vuurhout en steek die vuur aan. Ek wens ek het 'n broer gehad om te help.

7. Altyd is ek hartseer as ons moet terug ry huis toe met my bloedrooi gebrande lyf. Ek wens ek kan net daar bly verewig. Alles is lekker by die see.

8. Ek gaan gou my rapport optel. Hoop ek is in graad 9 volgende jaar. Laat die vakansie begin!

1.1 Kies die KORREKTE ANTWOORD tussen hakies.

Al die leerders is (opgewonde/ongelukkig) omdat die skool sluit. (1)

1.2 Gee die naam en van van die skrywer. (1)

1.3 Almal noem hom Kat, want dit is vinniger om te sê.

1.3.1 Stem jy saam met hierdie stelling? Sê JA of NEE. (1)

1.3.2 Haal EEN WOORD uit paragraaf 2 aan om jou antwoord te staaf. (1)

1.4 Kies die KORREKTE ANTWOORD. Skryf net die vraagnommer en letter (A – D) neer.

"Klein dorpie" (paragraaf 2) beteken:

A 'n plekkie waar min mense woon.
B 'n plek waar baie mense woon.
C 'n Stad.
D 'n Skool. (1)

1.5 Wat is Kat se gunsteling sport? (1)

1.6 Volgens paragraaf 3 is graad 8 moeilik.

1.6.1 Is hierdie stelling WAAR of ONWAAR? (1)

1.6.2 Haal 'n SIN uit paragraaf 3 aan om jou antwoord te motiveer. (1)

1.7 Hoe word die see beskryf volgens paragraaf 4? (2)

1.8 Daar is baie vakansiegangers op die strand. (paragraaf 4)

1.8.1 Is hierdie stelling WAAR of ONWAAR? (1)

1.8.2 Haal 'n WOORD aan om jou antwoord te motiveer. (1)

1.9 Hoekom wil hy vinnig uitpak volgens paragraaf 5? (2)

1.10 Hou jy van die see? Sê JA of NEE en motiveer. (2)

1.11 Kies die sinoniem uit KOLOM B wat by die woord in KOLOM A pas.
Skryf slegs die letter (A – D) langs die vraagnommer (1.11.1 – 1.11.2) neer.

KOLOM A	**KOLOM B**
1.11.1 broer (paragraaf 6)	A. ongelukkig
1.11.2 hartseer (paragraaf 7)	B. gelukkig
1.11.3 leerders (paragraaf 1)	C. boetie
1.11.4 opgewonde (paragraaf 4)	D. studente

(4)

[TOTAAL AFDELING A: 20]

AFDELING B: TAAL

VRAAG 2 - PRENT

Kyk na die onderstaande prent en voer elke keer die instruksies noukeurig uit.

2.1 Skryf die volgende sin oor in die VERLEDE TYD.

Die ma is hartseer. (1)

2.2 Skryf die volgende sin oor in die TOEKOMENDE TYD.

Die seun gaan skool toe. (1)

2.3 Skryf die volgende sin oor in die korrekte WOORDORDE.

Die leerders het vandag skool toe gegaan.

Begin so: Vandag... (1)

2.4 Skryf die WERKWOORD neer van die sin.

Die onderwysers en kinders praat met mekaar. (1)

2.5 Skryf die volgende sin oor in die ONTKENNENDE VORM.

Die kinders speel op die speelgrond. (1)

2.6 Skryf die volgende sin oor in die VERLEDE TYD.

Pappa wil weet hoekom mamma huil. (1)

2.7 Skryf die volgende sin oor in die TOEKOMENDE TYD.
Die kind is baie opgewonde. (1)

2.8 Skryf die INTENSIEWE VORM van die woord tussen hakkies.
Die klaskamer was **(baie koud)**. (1)

2.9 Skryf die volgende woord tussen hakkies, in die AFKORTING.
Die **(Meneer)** het die leerders hulle projek gegee. (1)

2.10 Skryf die korrekte VERTALING vir die woord tussen hakkies.
Die seun het sy (parents) gesoen. (1)

[10]

VRAAG 3 - SPOTPRENT

Lees die spotprent aandagtig deur en voer elke keer die instruksies noukeurig uit.



3.1 Skryf die volgende sin oor in die korrekte WOORDORDE.
Ons ('n wiskunde toets/ het/ geskryf/ gister).
Begin so: Ons... (1)

3.2 Skryf die volgende sin oor in die TOEKOMENDE TYD.
Die meneer luister na die leerder se storie. (1)

3.3 Skryf die volgende sin oor in die ONTKENNENDE VORM.
Die seun het iets in die klas gesien. (1)

3.4 Skryf die INTENSIEWE VORM van die woord tussen hakkies.

Die meisie was **(baie bang)** vir haar onderwyser (1)

3.5 Skryf die volgende sin oor in die VERLEDE TYD.

Die kind sal nie werk nie. (1)

3.6 Skryf die volgende sin oor in die TOEKOMENDE TYD.

Die kinders staan vir die meneer. (1)

3.7 Skryf die volgende sin oor in die VERLEDE TYD.

Die kind onthou die werk. (1)

3.8 Skryf die volgende sin oor in die TOEKOMENDE TYD.

Die boek val in die seun se akwarium. (1)

3.9 Skryf die volgende sin oor in die VERLEDE TYD.

Die seun sit doodstil in die klas. (1)

3.10 Voltooi die volgende paragraaf met die korrekte VOORSETSELS in te vul.

Die kinders hou **3.10.1** toebroodjies. Gedeurende die pouse koop hulle sjokolade **3.10.2** die winkel. Susan en haar vriende sit **3.10.3** die tafel om hulle middagete te eet. Susan het nie al haar kos geëet nie. Sy weet dat haar ouers sal kwaad **3.10.4** haar wees. Sy gee die een toebroodjie **3.10.5** haar vriend. (5)

3.11 Kies die korrekte TYD tussen hakies. Skryf net die antwoord neer.

3.11.1 Die skool klok lui op **13:30. (halftwee/ halfeen)** (1)
3.11.2 Die leerders sal op **halfsewe** hulle huiwerk doen. **(18:30/ 19:30)** (1)

3.12 Skryf die volgende AFKORTING voluit.

3.12.1 Die kinders het **(mev.)** Tyler 'n sjokolade gekoop. (1)
3.12.2 Skool sal in **(Des.)** sluit. (1)

3.13 Skryf die korrekte VERTALING vir die woord tussen hakkies.

3.13.1 Susan het 'n baie oulik **(cat)**. (1)
3.13.2 Die **(teacher)** het in die klas geskree. (1)

[20]

[TOTAAL AFDELING B: 30]

GROOTTOTAAL : 50 PUNTE